# Government Gazette

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 694 | Cape Town / Kaapstad | 17 April 2023 | **No. 48431**


**THE PRESIDENCY**

**No. 3294 — 17 April 2023**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 10 of 2022: Compensation for Occupational Injuries and Diseases Amendment Act, 2022**

**DIE PRESIDENSIE**

**No. 3294 — 17 April 2023**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 10 van 2022: Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 2022**


ISSN 1682-5845

9 771682 584003 48431



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 6 April 2023)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993, ten einde sekere omskrywings en artikels te wysig, te vervang, in te voeg, te skrap en te herroep; voorsiening te maak vir aangeleenthede rakende die Raad en die lede van die Raad; voorsiening te maak vir die Kommissaris om sekere werksaamhede te verrig wat voorheen deur die Direkteur-generaal verrig is; verder voorsiening te maak vir aangeleenthede wat met die rehabilitasie, herintegrasie en terugkeer werk toe van werknemers wat beroepsbeserings en -siektes opgedoen het; om die gebruik van gesondheidsdienste te reël; voorsiening te maak vir die Kommissaris om pensioeneise of -toekennings te hersien; voorsiening te maak vir administratiewe boetes; om voldoening en toepassing te reël en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 61 van 1997**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van ''aanslag'' deur die volgende omskrywing te vervang:

''**'aanslag'** 'n aanslag gedoen ingevolge artikel 83 of 'n aanslag of ongeskiktheid ingevolge artikels 47 en 49, of 'n aanslag van 'n werknemer betreffende rehabilitasie ingevolge artikel 70A van hierdie Wet, afhangende van die samehang;'';

*(b)* deur die omskrywing van ''afhanklike van 'n werknemer'' deur die volgende omskrywing te vervang:

''**'afhanklike van 'n werknemer'—**

*(a)* 'n weduwee of wewenaar wat ten tyde van die werknemer se dood 'n lewensmaat van die werknemer was of wat ooreenkomstig burgerlike reg, burgerlike verbintenis, gewoontereg of enige ander huwelik ingevolge enige ander reg erken met die werknemer getroud was;

**[*(b)* 'n weduwee of wewenaar wat ten tyde van die werknemer se dood 'n party by 'n huwelik met die werknemer ooreenkomstig inheemse reg en gebruik was, indien nóg die man nóg die vrou 'n party by 'n bestaande burgerlike huwelik was;]**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(c)* indien daar geen weduwee of wewenaar bedoel in paragraaf *(a)* **[of *(b)*]** is nie, 'n persoon met wie die werknemer ten tyde van die werknemer se dood as man en vrou saamgeleef het;

*(d)* 'n kind onder die ouderdom van 18 jaar van die werknemer of van sy of haar gade, en ook 'n postume kind, 'n stiefkind, 'n aangenome kind en 'n buite-egtelike kind;

*(e)* 'n kind bo die ouderdom van 18 jaar, maar onder die ouderdom van 25 jaar as die kind nog 'n tersiêre opvoeding ontvang, van die werknemer of van sy of haar gade, en ook 'n **[ouer of 'n persoon wat na die oordeel van die Direkteur-generaal in die plek van 'n ouer opgetree het, 'n broer, 'n suster, 'n halfbroer of halfsuster, 'n grootouer of 'n kleinkind van]** postume kind, stiefkind, 'n aangenome kind en 'n buite-egtelike kind, wat 'n leerder is of wat in die geheel of gedeeltelik finansieel afhanklik is van die werknemer**[,]**; en

*(f)* 'n kind wat 25 jaar oud of ouer is, 'n ouer, 'n broer, 'n suster, 'n halfbroer of halfsuster, 'n grootouer, 'n kleinkind of enige ander persoon,

en wat na oordeel van die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris ten tyde van die werknemer se dood geheel of gedeeltelik finansieel van die werknemer afhanklik was: Met dien verstande dat daar geen weduwee of wewenaar soos in paragraaf *(a)* bedoel of 'n persoon soos in paragrawe *(c)* en *(e)* bedoel of 'n kind soos in paragraaf *(d)* bedoel, is nie;'';

*(c)* deur die omskrywing van ''aktuaris'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'aktuaris'** 'n Genoot van 'n instituut, fakulteit, vereniging of kapittel van aktuarisse deur die **[Minister]** Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika goedgekeur;'';

*(d)* deur die omskrywing van ''beroepsiekte'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'beroepsiekte'** 'n siekte in artikel 65(1)*(a)* of *(b)* beoog, en ook posttraumatiese stresversteuring;'';

*(e)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''besigheid'' in te voeg:

'' **'besoldiging'** toelaes, subsidies en ander toelaes soos deur die Minister bepaal;'';

*(f)* deur die omskrywing van ''boekjaar'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'boekjaar'** die tydperk tussen die eerste dag van **[Maart]** April van enige jaar en die laaste dag van **[Februarie]** Maart van die daaropvolgende jaar, albei datums ingesluit;'';

*(g)* deur die omskrywing van ''chiropraktisyn'' te skrap;

*(h)* deur die omskrywing van ''ernstige en opsetlike wangedrag'' te skrap;

*(i)* deur die omskrywing van ''lasgewer'' te skrap;

*(j)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''lasgewer'' in te voeg:

'' **'lisensiehouer'** 'n regspersoon aan wie 'n lisensie ingevolge artikel 30 van hierdie Wet uitgereik is;

**'maandelikse pensioen'** waar dit in die tersaaklike items in Bylae 4 verskyn, 'n pensioen maandeliks betaalbaar tydens die leeftyd van die werknemer of vergoeding betaalbaar aan afhanklikes wanneer 'n werknemer weens beroepsbesering of -siekte sterf of vergoeding vir beroepsbesering of -siekte wat permanente ongeskiktheid van meer as 30 persent tot gevolg het;'';

*(k)* deur die omskrywing van ''onbevoegde persoon'' te skrap;

*(l)* deur die omskrywing van ''ongeval'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'ongeval'** 'n **[ongeval]** insident of voorval wat uit 'n werknemer se diens ontstaan en in die loop daarvan plaasvind en wat 'n persoonlike besering, siekte, beroepsiekte of die dood van die werknemer tot gevolg het;'';

*(m)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ‘‘regulasie’’ in te voeg:

‘‘**‘rehabilitasie’** maatreëls, dienste en fasiliteite, ook in die vorm van kliniese, beroeps- en maatskaplike rehabilitasie waarvoor in Hoofstuk VIIA van die Wet voorsiening gemaak word, wat voorsien word met die oog op die herintegrasie van werknemers wat aan ’n beroepsbesering of -siekte blootgestel is, in die werk en om hulle in staat te stel om, waar redelik en moontlik, maksimum onafhanklikheid, volle fisiese, geestes-, sosiale en beroepsvermoë, asook volle insluiting en deelname in alle aspekte van die lewe, te bereik en te handhaaf;’’;

*(n)* deur die omskrywing van ‘‘seeman’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘**[‘seeman’]** **‘seepersoneel’** ’n werknemer wat aan boord van ’n skip in enige hoedanigheid by die eienaar of gesagvoerder van die skip in diens is;’’;

*(o)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ‘‘seeman’’ in te voeg:

‘‘**‘sub-aannemer’** ’n persoon waarna in artikel 89 as ’n sub-aannemer verwys word;’’;

*(p)* deur die omskrywing van ‘‘vakvereniging’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘**‘vakvereniging’** ’n vakvereniging soos omskryf in artikel **[1]** 213 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, **[1956 (Wet 28 van 1956)]** 1995 (Wet No. 66 van 1995), en ook ’n werknemersorganisasie **[wat by wet erken word en funksioneer]**;’’;

*(q)* deur die omskrywing van ‘‘verdienste’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘**‘verdienste’** die besoldiging **[van ’n werknemer ten tyde van die ongeval of die aanvang van die beroepsiekte soos ingevolge hierdie Wet]** soos omskryf in paragraaf 1 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), bereken, maar nie ook enige bedrag betaal of betaalbaar aan ’n werknemer nie—

*(a)* by wyse van enige pensioen, pensioenering, toelaag of aftreetoelaag; en

*(b)* wat ’n bedrag daarstel soos beoog in paragrawe *(a)*, *(c*A*)*, *(d)*, *(e)* of *(e*A*)* van die omskrywing van ‘bruto inkomste’ in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962;’’;

*(r)* deur die omskrywing van ‘‘vergoeding’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘**‘vergoeding’** vergoeding vir werknemers en hulle afhanklikes ingevolge hierdie Wet en, waar toepaslik ook geneeskundige **[hulp of betaling van die koste van daardie geneeskundige hulp]** koste of toelaag vir volgehoue verpleging en begrafniskoste;’’;

*(s)* deur die omskrywing van ‘‘werkgewer’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘**‘werkgewer’** ’n persoon of regspersoon, met inbegrip van die Staat, wat ’n werknemer in diens het, en ook—

*(a)* enige persoon in beheer van ’n werkgewer se besigheid;

*(b)* indien die dienste van ’n werknemer deur **[sy]** die werkgewer aan ’n ander persoon geleen of verhuur of tydelik beskikbaar gestel word, daardie werkgewer vir solank die werknemer vir daardie ander persoon werk;

*(c)* ’n **[arbeidsmakelaar]** tydelike indiensnemingsdienste wat teen betaling vir die lewering van ’n diens of die verrigting van werk ’n persoon aan ’n kliënt voorsien, vir welke diens of werk daardie persoon deur die **[arbeidsmakelaar]** tydelike indiensnemingsdienste betaal word;’’;

*(t)* deur die omskrywing van ‘‘werkgewer individueel aanspreeklik’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘**‘werkgewer individueel aanspreeklik’** ’n werkgewer wat ingevolge artikel 84(1)*(a)* en *(b)* daarvan vrygestel is om aanslae aan die **[vergoedingsfonds]** Vergoedingsfonds te betaal;’’;

*(u)* deur die omskrywing van ''werkgewersorganisasie'' deur die volgende omskrywing te vervang:

''**'werkgewersorganisasie'** 'n werkgewersorganisasie soos omskryf in artikel **[1]** 213 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, **[1956 (Wet 28 van 1956)]** 1995 (Wet No. 66 van 1995);''; en

*(v)* deur in die omskrywing van ''werknemer'' paragrawe *(b)* tot *(d)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(b)* 'n direkteur of **[lid van]** 'n regspersoon wat met die regspersoon 'n **[diens-]** indiensnemings- of vakleerlingskap- of leerlingskapkontrak aangegaan het, vir sover hy of sy binne die bestek van sy of haar diens ingevolge die kontrak optree, of 'n persoon wat voordele ontvang of geregtig is op die ontvangs van voordele ingevolge hierdie Wet, ongeag of hy of sy steeds werk;

*(c)* 'n persoon wat deur 'n **[arbeidsmakelaar]** tydelike indiensnemingsdiens teen betaling vir die lewering van 'n diens of die verrigting van werk aan 'n kliënt voorsien word, vir welke diens of werk daardie persoon deur die **[arbeidsmakelaar]** tydelike indiensnemingsdiens betaal word;

*(d)* in die geval van 'n oorlede werknemer, sy of haar afhanklikes, en in die geval van 'n werknemer wat 'n onbevoegde persoon is, 'n kurator wat namens die werknemer optree,

maar nie ook nie—

(i) 'n persoon, met inbegrip van 'n persoon in diens van die Staat, wat militêre diens verrig of opleiding ondergaan soos bedoel in die **[Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957)]** 'Defence Act', 2002 (Wet No. 42 van 2002), en wat nie 'n lid van die Staande Mag van die Suid-Afrikaanse Weermag is nie;

(ii) 'n lid van die Staande Mag van die Suid-Afrikaanse Weermag **[terwyl hy 'diens ter verdediging van die Republiek']** soos omskryf in artikel 1 van die [**Verdedigingswet, 1957, verrig]** 'Defence Act', 2002;

(iii) 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiemag terwyl hy ingevolge artikel 7 van die **[Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), aangewend word vir 'diens ter verdediging van die Republiek' soos omskryf in artikel 1 van die Verdedigingswet, 1957]** Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995); en

(iv) 'n persoon wat werk aanneem en wat self ander persone in diens neem om bedoelde werk te verrig;

[**(v) 'n huiswerker as sodanig in diens in 'n private huishouding;**]''.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 61 van 1997**

**2.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

''(3) Die Kommissaris moet—

*(a)* kennisgewings ontvang van ongelukke en beroepsiektes, eise vir vergoeding, geneeskundige verslae en rekeninge, besware, aansoeke, opgawes van verdienste en betalings aan die Vergoedingsfonds verskuldig; en

*(b)* by kennisgewing in die *Staatskoerant* die reëls beoog in artikel 56(3)*(c)* voorskryf, asook die vorms wat gebruik staan te word en die besonderhede wat voorsien staan te word in verband met kennisgewing van beroepsbeserings of -siektes, eise vir vergoeding of enige ander vorm of aangeleentheid wat hy of sy nodig mag ag vir die administrasie van hierdie Wet.''.

**Wysiging van artikel 11 van Wet 130 van 1993, soos vervang deur artikel 8 van Wet 61 van 1997**

**3.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Raad word deur die Minister aangestel en bestaan uit—

*(a)* 'n onafhanklike voorsitter wat nie 'n stem het nie; en

*(b)* 16 lede met stemme—

(i) waarvan vyf lede en twee plaasvervangerlede deur NEOAR benoem word om georganiseerde arbeid te verteenwoordig;

(ii) waarvan vyf lede en twee plaasvervangerlede deur NEOAR benoem word om besigheid te verteenwoordig;

(iii) waarvan vyf lede en twee plaasvervangerlede deur die Minister aangestel word om die belange van die staat te verteenwoordig; en

(iv) wat die Kommissaris uit hoofde van sy of haar amp insluit;"; en

*(b)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(4) As 'n lid van die Raad voor die verstryking van sy of haar ampstermyn die amp ontruim, moet die Minister 'n ander lid aanstel om die vakature vir die onverstreke gedeelte van daardie tydperk te beklee.

(5) Die Minister kan, by aanbeveling van die Raad, bykomende Raadslede met tersaaklike kwalifikasies, vaardighede en kundigheid vir die doeltreffende beheer van die Fonds aanstel.".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 130 van 1993**

**4.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Raad kan op versoek van die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris hom of haar van advies dien **[betreffende]** oor die verrigting van **['n bepaalde]** enige aspek van **[sy]** die Kommissaris se werksaamhede ingevolge hierdie Wet."; en

*(b)* deur subartikel 3 by te voeg:

"(3) Die Raad moet binne drie maande na die aanstelling van sy lede 'n Raadsgrondwet voorberei en deurvoer.".

**Vervanging van artikel 13 van Wet 130 van 1993**

**5.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Ampstermyn van Raad**

**13.** (1) Die lede van die Raad wat deur die Minister aangestel is—

*(a)* word vir 'n tydperk van hoogstens vier jaar aangestel; en

*(b)* dien nie vir meer as twee termyne nie.

(2) Wanneer 'n lid van die Raad om enige rede die amp ontruim, vul die Minister die vakature ooreenkomstig subartikel (1) vir die onverstreke gedeelte van daardie tydperk.

(3) Lede van die Raad ontvang die voorgeskrewe vergoeding en reis- en bestaanstoelaag uit die finansies van die Vergoedingsfonds.".

**Invoeging van artikels 13A, 13B en 13C in Wet 130 van 1993**

**6.** Die volgende artikels word hierby na artikel 13 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Sekretariaat van Raad**

**13A.** Die Kommissaris moet, in oorleg met die Raad, die nodige hulpbronne en sekretariaat voorsien om die Raad in staat stel om die Raad se werksaamhede te verrig.

**Onbevoegdheid van Raadslede**

**13B.** 'n Persoon kan nie as 'n lid van die Raad aangestel word, of 'n lid van die Raad bly nie, indien daardie persoon—

*(a)* 'n ongerehabiliteerde insolvent is of insolvent word en die insolvensie het die sekwestrasie van daardie persoon se boedel tot gevolg;
*(b)* deur 'n bevoegde hof geestesongesteld verklaar is;
*(c)* skuldig bevind is, in die Republiek of elders, aan diefstal, bedrog, vervalsing, meineed of enige ander handeling wat oneerlikheid behels;
*(d)* aan enige ander misdryf skuldig bevind is, hetsy in die Republiek of elders, wat gepleeg is nadat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, in werking getree het, en tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonnis is;
*(e)* uit 'n vertrouensamp verwyder is of word weens wangedrag ten opsigte van bedrog of wanaanwending van gelde of enige ander misdryf wat oneerlikheid behels;
*(f)* andersins onbevoeg word om as 'n lid van 'n Raad te dien ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008); of
*(g)* 'n belang in 'n besigheid of onderneming het of kry wat die potensiaal het om te bots of in te meng met die behoorlike verrigting van die werksaamhede van die Raad.

**Bedanking en ontheffing van amp**

**13C.** (1) 'n Lid van die Raad kan bedank deur die Minister—

*(a)* 'n maand skriftelike voorafkennisgewing te gee; of
*(b)* minder as 'n maand se skriftelike voorafkennisgewing te gee, met die goedkeuring van die Minister.

(2) Die Minister kan 'n lid van die Raad uit die amp onthef om redes in verband met—

*(a)* ernstige wangedrag;
*(b)* permanente onbevoegdheid;
*(c)* afwesigheid van drie opeenvolgende vergaderings van die Raad sonder vooraftoestemming van die Raad tensy redelike oorsaak deur die lid getoon word; of
*(d)* betrokkenheid by enige aktiwiteit wat die potensiaal het om die werksaamhede van die Raad te ondermyn.

(3) Die Minister moet die prosedure vir die ontheffing van Raadslede voorskryf.''.

**Herroeping van artikel 14 van Wet 130 van 1993**

**7.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 16 van Wet 130 van 1993**

**8.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragrawe in subartikel (1) by te voeg:

''*(i)* die rehabilitasie ingevolge hierdie Wet aan persone wat werkverwante beserings en siektes het;
*(j)* psigososiale ondersteuning voorsien nadat 'n beroepsbesering of beroepsiekte opgedoen is, wat deel uitmaak van kliniese, beroeps- en maatskaplike rehabilitasiedienste; en
*(k)* die voorgeskrewe besoldiging van die Raadslede, Kommissaris en personeel van die Vergoedingsfonds.''.

**Wysiging van artikel 17 van Wet 130 van 1993**

**9.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die bates en laste van die **[vergoedingsfonds]** Vergoedingsfonds word van tyd tot tyd, soos deur die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris nodig geag, maar in elk geval met tussenposes van hoogstens drie jaar, deur 'n aktuaris wat deur die

**[Minister]** Kommissaris aangestel is, gewaardeer om vas te stel of die **[fonds]** Vergoedingsfonds voldoende is.''.

**Wysiging van artikel 18 van Wet 130 van 1993**

**10.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris kan enige gedeelte van die geld in die **[vergoedingsfonds]** Vergoedingsfonds en die reserwefonds aan die **[Openbare Beleggingskommissarisse]** Openbare Beleggingskorporasie vir belegging oordra.''.

**Wysiging van artikel 20 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 61 van 1997**

**11.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris moet die rekenings, met inbegrip van 'n rekening by 'n bank beoog in die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en rekords hou wat nodig is vir die uitoefening van behoorlike beheer oor die **[vergoedingsfonds]** Vergoedingsfonds en die reserwefonds, en moet **[jaarliks balansstate]** jaarlikse finansiële state tot die laaste dag van die boekjaar opmaak, wat alle nodige besonderhede van die bates en laste en die inkomste en uitgawes van die fondse aantoon.''; en

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

''(3) Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris moet **[, so spoedig doenlik na die voltooiing van die balansstate bedoel in subartikel (1), 'n afskrif daarvan en 'n afskrif van die verslag bedoel in artikel 4(1)** ***(n)*** **by die Minister indien, wat sodanige afskrifte in die Parlement ter Tafel moet lê binne 30 dae na ontvangs daarvan indien die Parlement dan in gewone sessie is of, indien die Parlement nie in gewone sessie is nie, binne 30 dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie]** die jaarlikse finansiële staat saam met die jaarverslag en enige ander tersaaklike dokumentasie waarvoor in artikel 55 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), voorsiening gemaak word, by die Minister indien.''.

**Wysiging van artikel 22 van Wet 130 van 1993**

**12.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

''(3) *(a)* **[Indien]** Ongeag dat 'n ongeval aan die ernstige en opsetlike wangedrag van die werknemer te wyte is, is **[geen]** vergoeding ingevolge hierdie Wet betaalbaar **[nie, tensy—**

**(i) die ongeval ernstige arbeidsongeskiktheid tot gevolg het; of**

**(ii) die werknemer as gevolg daarvan sterf en 'n afhanklike nalaat wat finansieel geheel van hom afhanklik was]**.'';

*(b)* deur in subartikel (3) paragraaf *(b)* te skrap;

*(c)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

''(5) By die toepassing van hierdie Wet word die **[gratis]** vervoer deur of namens die werkgewer van 'n werknemer na of van sy of haar werkplek of enige plek vir die doeleindes van sy of haar werk deur middel van **['n]** enige vervoermiddel **[bestuur deur]** ter bevordering van die sake van die werkgewer **[self of een van sy werknemers en spesiaal vir die doel van daardie vervoer verskaf]**, geag in die loop van die werknemer se diens plaas te vind.''; en

*(d)* deur die volgende subartikel by te voeg:

''(6) Vervoer word geag te begin sodra die werknemer die plek bereik wat deur die werkgewer as optelpunt aangewys is en hou op wanneer die werknemer afgelaai word by die plek soos deur die werkgewer aangewys.''.

**Wysiging van artikel 23 van Wet 130 van 1993**

**13.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(b)* Die **[bedrag van die]** vergoeding bedoel in paragraaf *(a)* word vasgestel op die grondslag van die verdienste van die werknemer wat hy, na die oordeel van die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris, sou ontvang het indien hy of sy in die Republiek gebly het.”; en

*(b)* deur in subartikel (3) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* Indien ’n werkgewer hoofsaaklik buite die Republiek besigheid dryf en ’n werknemer **[van hom]** wat gewoonlik buite die Republiek in diens is, ’n ongeval oorkom terwyl hy of sy tydelik in die Republiek in diens is, is daardie werknemer nie op vergoeding geregtig nie, tensy die werkgewer vooraf met die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris ooreengekom het dat die werknemer op vergoeding geregtig sal wees en, waar toepaslik, die nodige aanslae ten opsigte van **[hom]** die werknemer betaal het.”.

**Wysiging van artikel 25 van Wet 130 van 1993**

**14.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf *(b)* in te voeg:

“*(b*A*)* terwyl hy of sy enige werkverwante opleiding ondergaan ter bevordering van en in navolging van die werkgewer se sake; of”.

**Wysiging van artikel 26 van Wet 130 van 1993**

**15.** Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**Besondere omstandighede waaronder [Direkteur-generaal] Kommissaris toekenning kan weier**”; en

*(b)* deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(b)* indien na die oordeel van die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris die dood veroorsaak is, of die arbeidsongeskiktheid veroorsaak, verleng of vererger is, deur die **[onredelike weiering of opsetlike versuim van die]** werknemer se onredelike weiering om hom of haar aan geneeskundige hulp of rehabiliteringsprogramme ten opsigte van enige besering of siekte, hetsy dit deur die ongeval veroorsaak is of voor die ongeval bestaan het, te onderwerp.”.

**Wysiging van artikel 30 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 61 van 1997**

**16.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**[Onderlinge verenigings] Lisensie om sake van Vergoedingsfonds te bedryf**”;

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die Minister kan vir sodanige tydperk en onderhewig aan sodanige voorskrifte as wat hy of sy mag bepaal, ’n lisensie om besigheid te dryf in verband met die versekering van werkgewers teen hulle aanspreeklikheid teenoor werknemers ingevolge hierdie Wet, uitreik aan ’n **[onderlinge vereniging wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge artikel 95 (1) van die Ongevallewet gelisensieer was]** lisensiehouer: Met dien verstande dat die Minister **[van tyd tot tyd]** kan gelas dat**[, benewens enige sekuriteite gedeponeer ingevolge die Versekeringswet, 1943 (Wet No. 27 van 1943), en die Ongevallewet,]** die lisensiehouer sekuriteite deponeer deur die Direkteur-generaal as genoegsaam geag om die aanspreeklikheid van die **[onderlinge vereniging]** lisensiehouer ingevolge hierdie Wet te dek**[, by die Direkteur-generaal of sy of haar benoemde gedeponeer word]**.”;

*(c)* deur subartikels (4) en (5) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(4) Indien die Minister oortuig is dat die geheel of enige gedeelte van so 'n sekuriteit nie meer nodig is nie en dat die betrokke **[vereniging]** lisensiehouer nie in staat is om 'n aanspreeklikheid daaruit betaalbaar op te loop nie, moet **[hy]** die Minister daardie sekuriteit of gedeelte daarvan aan bedoelde **[vereniging]** lisensiehouer laat teruggee.

(5) Indien **['n vereniging]** 'n lisensiehouer sodanige sekuriteit by die **[Direkteur-generaal of sy of haar benoemde]** Vergoedingsfonds gedeponeer het en daarna versuim om enige van sy aanspreeklikhede ingevolge hierdie Wet ten volle na te kom, of in likwidasie geplaas word, dan word die **[Direkteur-generaal]** Vergoedingsfonds, nieteenstaande die bepalings van enige ander wet, eienaar van bedoelde sekuriteit ten einde aan die aanspreeklikhede van die **[vereniging]** lisensiehouer ingevolge hierdie Wet te voldoen."; en

*(d)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(7) Enige lisensiehouer aan wie 'n lisensie ingevolge hierdie Wet uitgereik is, is aan die Minister aanspreeklik.

(8) Alle sodanige sekuriteite in subartikels (1) en (2) bedoel, word by die Vergoedingsfonds of die Vergoedingfonds se aangewesene gedeponeer.".

**Wysiging van artikel 32 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 61 van 1997**

**17.** Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Waar die hof 'n kurator aangestel het, kan vergoeding aan daardie kurator betaal word.".

**Wysiging van artikel 36 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 61 van 1997**

**18.** Artikel 36 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(5) By die toepassing van hierdie artikel, is die Padongelukfonds nie 'n derde party waarvan die Vergoedingsfonds of lisensiehouer skadevergoeding of vergoeding wat ingevolge hierdie Wet betaal is, kan verhaal nie.

(6) Waar 'n werknemer op 'n pad in 'n ongeluk is wat nie uit en in die loop van die werknemer se werk ten tyde van die ongeluk voortspruit nie, is die werknemer nie geregtig op vergoeding ingevolge hierdie Wet nie.".

**Wysiging van artikel 39 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 61 van 1997**

**19.** Artikel 39 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) 'n Werkgewer, uitgesonderd 'n werkgewer bedoel in artikel 84(1)*(a)*(i), (ii) en (iii), wat versuim om aan subartikel (1) te voldoen, is **[aan 'n misdryf skuldig]** strafbaar met 'n straf van 10 persent van die werklike of geraamde jaarlikse verdienste van daardie bepaalde jaar."; en

*(b)* deur subartikels (8) en (9) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(8) Indien 'n werkgewer, uitgesonderd 'n werkgewer bedoel in artikel 84(1)*(a)*(i), (ii) en (iii), versuim om 'n ongeval wat 'n werknemer in sy of haar diens oorkom binne sewe dae nadat hy of sy kennis daarvan ontvang het of op 'n ander wyse daarvan te wete gekom het, op die voorgeskrewe wyse aan te meld, kan die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris, **[benewens enige ander straf waaraan hy of sy onderhewig mag wees, hom of haar 'n boete oplê van hoogstens die volle bedrag van vergoeding wat ten opsigte van dié ongeval betaalbaar is]** straf gelyk aan die volle bedrag van vergoeding wat betaalbaar is plus rente vanaf die datum van die ongeluk, oplê.

(9) Indien 'n **[boete]** straf ingevolge subartikel (8) aan 'n werkgewer bedoel in artikel 84(1)*(b)* opgelê word, en aan die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris betaal of deur hom of haar verhaal word, word sodanige **[boete]** straf aan die betrokke **[onderlinge vereniging]** lisensiehouer oorbetaal.''.

**Wysiging van artikel 40 van Wet 130 van 1993**

**20.** Artikel 40 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Ondersoek deur [Direkteur-generaal] Kommissaris van ongeval**'';

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris moet, nadat hy of sy kennis van 'n ongeval ontvang of te wete gekom het dat 'n werknemer 'n ongeval oorgekom het, die ondersoek instel wat hy of sy nodig ag **[om hom in staat te stel om te besluit oor 'n eis of]** met die doeleindes om aanspreeklikheid ingevolge hierdie Wet te bepaal.''; en

*(c)* deur subartikels (3) en (4) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

''(3) Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris moet, op versoek van 'n beseerde werknemer of **[sy]** die werkgewer, die inligting verstrek wat die Direkteur-generaal nodig ag om daardie werknemer of werkgewer in staat te stel om aan die bepalings van hierdie Wet te voldoen.

(4) 'n Werkgewer wat versuim om aan die bepalings van hierdie artikel te voldoen, is **[aan 'n misdryf skuldig]** strafbaar met 'n straf van 10 persent plus rente op werklike verdienste wat aan die Vergoedingsfonds verklaar is.''.

**Wysiging van artikel 41 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 61 van 1997**

**21.** Artikel 41 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) 'n Werknemer wat 'n ongeval oorgekom het, moet wanneer hy die ongeluk aanmeld of daarna op versoek van die werkgewer of **[kommissaris]** Kommissaris, sodanige inligting en stukke verstrek as wat voorgeskryf is **[of as wat die werkgewer of kommissaris mag gelas]** en enige sodanige dokumente wat aangevra kan word.''; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

''(3) As die werknemer 'n mediese verslag ingevolge hierdie artikel onafhanklik op sy of haar eie onkoste bekom het, moet die Kommissaris daardie mediese uitgawes ten volle terugbetaal, waar die Kommissaris die verslag ontvang en aanvaar het.''.

**Wysiging van artikel 42 van Wet 130 van 1993**

**22.** Artikel 42 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Werknemer verplig tot geneeskundige ondersoek en rehabilitasie**'';

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

''(1A) 'n Werknemer beoog in subartikel (1) moet, indien vereis om dit te doen, homself of haarself aan 'n ondersoek vir die doeleindes van rehabilitasie onderwerp.''; en

*(c)* deur subartikels (2) en (3) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

''(2) Sodanige onkoste deur die werknemer aangegaan om aan die bepalings van hierdie artikel te voldoen as wat die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris nodig en redelik ag, en die voorgeskrewe vergoeding vir 'n geneeskundige ondersoek of rehabilitasie ingevolge hierdie artikel, word betaal deur die party wat die ondersoek of rehabilitasie vereis het.

(3) Indien die werknemer, **[na die oordeel]** volgens die vasstelling van 'n aangewese geneesheer, nie in staat is om sy opwagting te maak by die mediese ondersoek of rehabilitasie ingevolge subartikels (1) en (1A)

nie, moet die aangewese geneesheer **[nie, moet]** of die werknemer die party wat die ondersoek vereis daarvan verwittig **[of laat verwittig,]** en moet die aangewese geneesheer dan die werknemer ondersoek op ’n tyd en plek soos ooreengekom.’’.

**Wysiging van artikel 43 van Wet 130 van 1993**

**23.** Artikel 43 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

‘‘**[Eis] Indien van eis vir vergoeding**’’.

**Vervanging van artikel 44 van Wet 130 van 1993**

**24.** Artikel 44 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

‘‘**Verjaring**

**44.** Nieteenstaande enige bepaling in hierdie Wet, verval ’n **[Reg]** reg op voordele ingevolge hierdie Wet **[verval]** indien die betrokke ongeval nie binne **[12 maande]** drie jaar na die datum daarvan onder die aandag van die **[kommissaris of die betrokke werkgewer of onderlinge vereniging, na gelang van die geval,]** Kommissaris gebring word nie.’’.

**Wysiging van artikel 45 van Wet 130 van 1993**

**25.** Artikel 45 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

‘‘(4) Op aansoek deur ’n persoon wat na die oordeel van die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris ’n genoegsame belang by die onderwerp van ’n formele verhoor het, moet die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris ’n dagvaarding vir die verskyning van ’n persoon uitreik **[behalwe indien hy van]** wat na mening **[is dat daardie persoon nie]** van die Kommissaris die ondersoek kan bevorder **[nie, in welke geval die Direkteur-generaal ’n dagvaarding uitreik alleen indien die party wat daarom aansoek doen by die Direkteur-generaal ’n voldoende bedrag stort om die nodige onkoste wat die getuie sal aangaan asook die koste van betekening van die dagvaarding te dek]**.’’; en

*(b)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

‘‘(7) Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris moet notule van die verrigtinge by ’n formele verhoor hou **[of laat hou]**, en enige persoon kan, teen betaling van die voorgeskrewe gelde, ’n afskrif van die notule verkry.’’.

**Wysiging van artikel 46 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 61 van 1997**

**26.** Artikel 46 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

‘‘(2) **[Geen persoon behalwe ’n advokaat of prokureur]** Slegs ’n regspraktisyn soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Regspraktyk, 2014 (Wet No. 28 van 2014), is geregtig op gelde of vergoeding, **[nie]** behalwe sodanige noodsaaklike uitgawes as wat die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris mag toelaat.’’;

*(b)* deur in subartikel (4) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

‘‘*(a)* Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris kan uit eie beweging of op aansoek *ex parte* deur ’n party by ’n eis vir vergoeding ’n **[prokureur]** regspraktisyn in diens van sodanige party **[of ’n verteenwoordiger]** wat, strydig met subartikel (2), na bewering gelde of vergoeding geëis het, gelas om aan hom of haar ’n staat voor te lê wat aantoon wat hy of sy van sy of haar kliënt ontvang het of ooreengekom het om te ontvang, en om sy of haar kosterekening teen die kliënt**[, met inbegrip van prokureur-en-kliënt-koste,]** vir taksasie voor te lê.’’; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:
"(7) Koste in verband met 'n formele verhoor ingevolge hierdie artikel en artikel 91 word slegs teen landdroshoftariewe toegestaan.".

**Vervanging van opskrif van Hoofstuk VI van Wet 130 van 1993**

**27.** Die opskrif van Hoofstuk VI van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:
"**Bepaling en berekening van vergoeding en assessering van ongeskiktheid**".

**Wysiging van artikel 47 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 61 van 1997**

**28.** Artikel 47 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (3) paragrawe *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:
"*(b)* Na verstryking van bedoelde drie maande word die vergoeding aldus deur sodanige werkgewer betaal, deur die **[Direkteur-generaal]** Vergoedingskommissaris of die betrokke **[onderlinge vereniging]** lisensiehouer, na gelang van die geval, aan die werkgewer terugbetaal.
*(c)* 'n Werkgewer wat versuim om aan paragraaf *(a)* te voldoen, is **[aan 'n misdryf skuldig]** strafbaar met 'n straf gelyk aan die volle bedrag van drie maande se vergoeding wat betaalbaar is plus rente.".

**Wysiging van artikel 48 van Wet 130 van 1993**

**29.** Artikel 48 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(a)* **[by beëindiging van sodanige arbeidsongeskiktheid of]** indien die werknemer medies geskik verklaar word om die werk waarin hy of sy ten tyde van die ongeval of beroepsiekte werksaam was, te hervat of enige ander werk teen dieselfde of groter verdienste hervat;".

**Wysiging van artikel 49 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 61 van 1997**

**30.** Artikel 49 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur subartikel (4) te skrap; en
*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:
"(5) Die Kommissaris kan, te eniger tyd, pensioeneise of -toekennings hersien ingevolge artikel 90 met die doel om permanente ongeskiktheid te herassesseer.".

**Invoeging van artikel 49A in Wet 130 van 1993**

**31.** Die volgende artikel word hierby na artikel 49 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Aanvang van maandelikse pensioen**

**49A.** Ongeag enige bepaling in hierdie Wet, begin maandelikse pensioen vanaf die datum waarop 'n mediese praktisyn sertifiseer dat 'n werknemer die maksimum mediese ingryping bereik het.".

**Wysiging van artikel 54 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 61 van 1997**

**32.** Artikel 54 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:
"[**Bedrag]** **Betaling van vergoeding indien werknemer sterf**"; en
*(b)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
"Indien 'n werknemer sterf as gevolg van 'n beroepsiekte of besering veroorsaak deur 'n ongeval is vergoeding soos volg betaalbaar:".

**Wysiging van artikel 56 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 23 van Wet 61 van 1997**

**33.** Artikel 56 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* van 'n ingenieur wat aangestel is om in algemene beheer van masjinerie te wees, of van 'n persoon wat **[ingevolge 'n regulasie uitgevaardig kragtens die Mineraalwet, 1991 (Wet 50 van 1991)]** aangestel is om die ingenieur behulpsaam te wees; of";

*(b)* deur in subartikel (3) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* Die bepalings van artikels 6, 7, 45, **[en]** 46 en 93D is, **[behoudens die reëls wat die kommissaris voorskryf om]** by die oorweging van aansoeke ingevolge hierdie artikel **[te vergemaklik]**, *mutatis mutandis* ten opsigte van so 'n aansoek van toepassing."; en

*(c)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Die voorsittende beampte kan in enige verrigtings ingevolge hierdie artikel die bevel aangaande koste **[en die betaling daarvan uitreik wat hy goeddink]** uitreik behoudens die bepalings van artikel 46(7).".

**Wysiging van artikel 57 van Wet 130 van 1993**

**34.** Artikel 57 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Minister kan **[op aanbeveling van die Direkteur-generaal]** na oorleg met die Kommissaris en die Raad en by kennisgewing in die *Staatskoerant* die maandelikse pensioene betaalbaar ingevolge artikels 49 en 54 verhoog met die persentasie wat hy of sy aldus bepaal: Met dien verstande dat minstens **[60]** 30 dae voor sodanige verhoging 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer moet word—".

**Wysiging van artikel 59 van Wet 130 van 1993**

**35.** Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* betaal word aan die Meester van die Hooggeregshof, 'n trustee of 'n ander persoon om bestee te word ooreenkomstig die voorwaardes deur die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris bepaal; of".

**Vervanging van artikel 64 van Wet 130 van 1993**

**36.** Artikel 64 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Sekere vergoeding aan werkgewers verbode**

**64.** (1) 'n Werkgewer wat van die verdienste van 'n werknemer 'n bedrag aftrek of van hom of haar 'n bedrag ontvang om die werkgewer direk of indirek te vergoed vir enige bedrag wat die werkgewer verplig is om ingevolge hierdie Wet te betaal, is aan **['n misdryf skuldig]** strafbaar met 'n straf in subartikel (2) gespesifiseer.

(2) **['n Hof wat 'n werkgewer aan 'n oortreding van subartikel (1) skuldig bevind,]** Die Kommissaris moet, benewens enige straf wat hy of sy mag oplê, die werkgewer gelas om binne 'n vasgestelde tydperk en in paaiemente of andersins soos die **[hof]** Kommissaris bepaal aan die **[kommissaris]** Kommissaris die bedrag te betaal wat hy of sy in stryd met die bepalings van subartikel (1) ontvang het.

(3) Die **[kommissaris]** Kommissaris moet die bedrag deur hom of haar ingevolge **[so 'n bevel]** subartikel (2) ontvang aan die werknemer betaal van wie se verdienste die bedrag afgetrek is of van wie die bedrag ontvang is.

(4) Op **[aansoek]** versoek van die werkgewer kan die **[hof]** Kommissaris te eniger tyd, na aanvoering van voldoende redes, die tydperk waarin die bedrag bedoel in subartikel (2) betaalbaar is, verleng of die bedrag van die paaiemente wysig.

(5) **['n Bevel kragtens hierdie artikel uitgereik, het die uitwerking van 'n siviele vonnis van 'n landdroshof ten gunste van die kommissaris]** Die bepalings van artikel 93E is van toepassing met die nodige veranderinge op 'n werkgewer wat nie aan die bepalings van hierdie artikel voldoen nie.''.

**Wysiging van artikel 65 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 24 van Wet 61 van 1997**

**37.** Artikel 65 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* dat die werknemer 'n siekte genoem in **[die eerste kolom van]** Bylae 3 opgedoen het en dat sodanige siekte uit sy of haar diens ontstaan het en in die loop daarvan opgedoen is; of'';

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Indien 'n werknemer 'n siekte bedoel in subartikel (1) opgedoen het en die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris van oordeel is dat die werknemer se herstel vertraag of sy of haar tydelike algehele arbeidsongeskiktheid verleng word weens 'n ander siekte waaraan die werknemer ly, kan **[hy geneeskundige behandeling]** die Kommissaris mediese koste ook vir daardie ander siekte goedkeur vir so lank as wat hy of sy dit nodig ag.''; en

*(c)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

''(5) By die toepassing van hierdie Wet word die aanvang van 'n siekte bedoel in subartikel (1) geag die datum te wees waarop 'n geneesheer die siekte vir die eerste keer gediagnoseer het of die vroeër datum deur die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris bepaal indien dit tot die werknemer se voordeel sal wees.''.

**Vervanging van artikel 67 van Wet 130 van 1993**

**38.** Artikel 67 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Berekening van vergoeding**

**67.** (1) Vergoeding vir 'n siekte bedoel in artikel 65(1) word bereken op die grondslag van die verdienste van die werknemer bereken **[*mutatis mutandis*]** met nodige veranderinge deur die samehang vereis, ooreenkomstig die bepalings van artikel 63 en die arbeidsongeskiktheid van die werknemer ten tyde van die aanvang van die siekte of die vroeëre datum deur die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris bepaal, indien daar tot sy of haar bevrediging bewys word dat die werknemer op 'n vroeër datum aan die siekte gely het, watter verdienste ook al die voordeligste vir die werknemer is.

(2) Indien 'n werknemer nie meer in diens is ten tyde van die aanvang van bedoelde siekte nie, word **[sy]** die werknemer se verdienste bereken op die grondslag van die verdienste wat **[hy]** die werknemer waarskynlik sou verdien het as **[hy]** die werknemer nog steeds **[gewerk het]** in diens was.''.

**Wysiging van artikel 69 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 61 van 1997**

**39.** Artikel 69 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Die Minister kan op aanbeveling van die Direkteur-generaal, en na oorleg met die Raad en die voorsitters van die geneeskundige adviespanele, Bylae 3 by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig, **[ook met terugwerkende krag,]** ten opsigte van die beskrywing van siektes en werk: Met dien verstande dat daar minstens 60 dae voor sodanige wysiging 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer moet word—''.

**Wysiging van artikel 70 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 61 van 1997**

**40.** Artikel 70 van die Hoofwet word hierby vervang deur in subartikel (4) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* nie in staat is om sy of haar werksaamhede **[ingevolge hierdie Wet behoorlik]** bevredigend te verrig nie.".

**Invoeging van Hoofstuk VIIA in Wet 130 van 1993**

**41.** Die volgende hoofstuk word hierby na Hoofstuk VII in die Hoofwet ingevoeg:

"**HOOFSTUK VIIA**

**REHABILITASIE EN HERINTEGRASIE**

**Vergoedingsfonds moet rehabilitasie voorsien**

**70A.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, moet die Vergoedingsfonds, die werkgewer individueel aanspreeklik of lisensiehouer, na gelang van die geval, fasiliteite, dienste en voordele voorsien wat gemik is op die rehabilitasie van werknemers wat beroepsbeserings of -siektes opgedoen het om na hul werk terug te keer of om enige gestremdheid wat as gevolg van hulle beserings of siektes ontstaan het, te verminder.

(2) Die rehabilitasievoordele waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, kan bestaan uit—

*(a)* kliniese rehabilitasie en die voorsiening van bystandtoestelle vir die doel van fisieke en sielkundige herstel van die werknemer en om enige gestremdheid wat uit 'n beroepsbesering of -siekte voortspruit, te verminder;
*(b)* beroepsrehabilitasie om 'n werknemer by te staan om werk te hou, werk te kry, beroepsonafhanklikheid te herwin of te verkry; en
*(c)* sosiale rehabilitasie om te help om 'n werknemer se onafhanklikheid en sosiale integrasie tot die maksimum moontlike mate te herstel.".

**Wysiging van artikel 72 van Wet 130 van 1993**

**42.** Artikel 72 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:
"**Vervoer van beseerde en siek werknemer**";
*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
"(2) Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris of die betrokke werkgewer individueel aanspreeklik of **[onderlinge vereniging]** lisensiehouer, na gelang van die geval, **[betaal]** kan die redelike koste **[(soos deur die Direkteur-generaal vasgestel)]** betaal wat ten opsigte van bedoelde vervoer aangegaan is."; en
*(c)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
"(3) 'n Werkgewer wat versuim om aan subartikel (1) te voldoen, is **[aan 'n misdryf skuldig]** strafbaar met 'n straf gelyk aan die volle vervoerkoste.".

**Wysiging van artikel 73 van Wet 130 van 1993**

**43.** Artikel 73 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(3) Ondanks die bepaling van subartikel (2), kan die mediese praktisyn nadat die eis gefinaliseer is of die tydperk in subartikel (1) verstryk het, aansoek doen dat die eis weer oopgemaak word en verdere mediese koste betaal word.

(4) *(a)* Geen derde party sal toegelaat word om met die Vergoedingsfonds sake te doen tensy hulle op die voorgeskrewe wyse by die Vergoedingsfonds geregistreer is nie.

*(b)* Alle derde partye wat reeds met die Vergoedingsfonds sake doen, moet by die Vergoedingsfonds registreer binne ses maande na inwerkingtreding van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 2022.

(5) By die toepassing van hierdie artikel, is 'n derde party enige entiteit wat met die Fonds sake doen met die oog op bystand aan die werknemer, werkgewer, gesondheidsdiensverskaffer of pensioenaris met die verwerking van eise by die Vergoedingsfonds.''.

**Wysiging van artikel 74 van Wet 130 van 1993**

**44.** Artikel 74 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

''(5) 'n Geneesheer **[of chiropraktisyn]** moet op versoek van 'n werknemer of 'n afhanklike van 'n werknemer 'n afskrif van die verslag bedoel in **[subartikel (1)]** hierdie artikel aan die werknemer of afhanklike van die werknemer voorsien.''.

**Wysiging van artikel 75 van Wet 130 van 1993**

**45.** Artikel 75 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**[Direkteur-generaal] Kommissaris besluit oor nodigheid, aard en genoegsaamheid van geneeskundige hulp**''.

**Wysiging van artikel 76 van Wet 130 van 1993**

**46.** Artikel 76 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Die geldetarief vir geneeskundige hulp **[wat die Mediese Vereniging van Suid-Afrika, die Chiropraktiese Vereniging van Suid-Afrika en die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika raak,]** word na oorleg met **[daardie verenigings]** die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika en geregistreerde Mediese Verenigings vasgestel.''.

**Wysiging van artikel 78 van Wet 130 van 1993**

**47.** Artikel 78 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c)* kan die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris aan 'n werkgewer wat nie individueel aanspreeklik is nie **[soveel]** sodanige koste uit die **[vergoedingsfonds]** Vergoedingsfonds terugbetaal of sy of haar aanslag sodanig verlaag as wat **[hy]** die Kommissaris billik ag.''.

**Vervanging van artikel 79 van Wet 130 van 1993**

**48.** Artikel 79 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Raadpleging van [verteenwoordigende] verteenwoordigers van geneeskundige instansies deur [Direkteur-generaal] Kommissaris**

**79.** Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris kan die **[Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige]** Raad **[bedoel in die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), die Mediese Vereniging]** vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, **[die Chiropraktiese Vereniging van Suid-Afrika]** geregistreerde Mediese Verenigings en enige ander verteenwoordigende geneeskundige instansie raadpleeg oor aangeleenthede in verband met of voortspruitend uit die toepassing van die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot geneeskundige hulp, en kan vir dié doel enige inligting bekendmaak wat betrekking het op 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, die geregistreerde Mediese Verenigings of ander verteenwoordigende mediese instansie se mening verlang word.''.

**Wysiging van artikel 80 van Wet 130 van 1993**

**49.** Artikel 80 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

“**Werkgewer moet by [Direkteur-generaal] Vergoedingsfonds registreer en [aan hom] besonderhede verstrek**”; en

*(a)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) ’n Persoon wat nie in die Republiek woonagtig is nie en ’n regspersoon wat nie ingevolge ’n wet wat die registrasie van regspersone in die Republiek reël, geregistreer is nie, en wat in die Republiek besigheid dryf of in, op of bo die vastelandsplat deelneem aan bedrywighede in verband met opnames, navorsing, sport, prospektering of ontginning van natuurlike hulpbronne, en ’n werknemer in verband daarmee in diens neem, moet die adres van sy hoofkantoor en die naam en adres van sy of haar hoofamptenaar in die Republiek aan die **[kommissaris]** Kommissaris verstrek, en daardie amptenaar word by die toepassing van hierdie Wet geag die werkgewer van genoemde werknemer te wees.”.

**Vervanging van artikel 81 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 61 van 1997**

**50.** Artikel 81 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Werkgewer moet rekord hou**

**81.** (1) ’n Werkgewer moet ’n register of ander rekord hou van die verdienste en ander voorgeskrewe besonderhede van al **[die]** hulle werknemers, en moet daardie register of rekord of ’n mikrofilm- of ander mikrovormreproduksie daarvan te alle redelike tye ’n handleiding of elektroniese vorm op versoek aan **[’n gemagtigde]** die persoon bedoel in artikel 7 en Hoofstuk XA ter insae voorlê.

(2) ’n Werkgewer moet die register, rekord of reproduksie bedoel in subartikel (1) behou vir ’n tydperk van minstens **[vier]** vyf jaar na die datum waarop die laaste inskrywing in daardie register of rekord gemaak is.

(3) ’n Werkgewer wat versuim om aan ’n bepaling van hierdie artikel te voldoen, is aan ’n misdryf skuldig en is strafbaar met ’n boete van hoogstens 10 persent van werklike of geskatte jaarlikse aanslae vir die tydperk waarvoor die werkgewer versuim het om die rekord te hou soos deur hierdie artikel vereis.

(4) **[’n Gesondheids- en veiligheidsverteenwoordiger verkies ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet No. 85 van 1993), of die Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne, 1996 (Wet No. 29 van 1996), en ’n vakbondverteenwoordiger verkies ingevolge artikel 14 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995),]** Enige persoon ingevolge hierdie Wet gemagtig het die reg om enige register, rekord of dokument wat die werkgewer ingevolge hierdie Wet moet in stand hou, hou of voltooi, te inspekteer, en waar toepaslik onder die aandag van die **[kommissaris]** Kommissaris te bring.”.

**Wysiging van artikel 83 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 30 van Wet 61 van 1997**

**51.** Artikel 83 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Indien die verdienste wat werklik deur ’n werkgewer betaal is ten opsigte van ’n bepaalde tydperk verskil van die huidige geraamde verdienste wat hy of sy ten opsigte van daardie tydperk in die betrokke opgawe getoon het, moet die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris sy of haar aanslag dienooreenkomstig wysig.”; en

*(b)* deur in subartikel (6) paragrawe *(b)* en *(c)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(b)* 'n **[boete van hoogstens]** straf van 10 persent van die aldus aangeslane bedrag aan die werkgewer oplê en dit op hom of haar verhaal;

*(c)* waar dit later blyk dat die werklike verdienste meer is as die verdienste kragtens paragraaf *(a)* geraam die verskil in die aanslag op die werkgewer verhaal, en 'n **[boete]** straf op dié verskil aan die werkgewer oplê **[en dit op hom of haar verhaal]** soos in paragraaf *(b)* beoog; en".

**Wysiging van artikel 85 van Wet 130 van 1993**

**52.** Artikel 85 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Indien die ongevallerekord van 'n werkgewer gedurende 'n bepaalde tydperk na die oordeel van die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris gunstiger as dié van werkgewers in vergelykbare besighede is, of as die werkgewer deelneem aan die rehabilitasie van werknemers soos voorgeskryf, kan die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris aan daardie werkgewer 'n korting verleen op enige aanslag deur hom of haar betaal of betaalbaar.".

**Vervanging van artikel 86 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 32 van Wet 61 van 1997**

**53.** Artikel 86 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Aanslag moet deur werkgewer aan [kommissaris] Vergoedingsfonds betaal word**

**86.** (1) 'n Aanslag moet deur 'n werkgewer binne 30 dae na die datum van die kennisgewing van aanslag aan die **[kommissaris]** Vergoedingsfonds betaal word of, met die instemming van die **[kommissaris]** Kommissaris, in die paaiemente en op die tye en voorwaardes wat die **[kommissaris]** Kommissaris bepaal.

(2) Rente is betaalbaar op 'n agterstallige aanslag teen 'n koers deur die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris bepaal, wat nie die heersende standaardrentekoers soos omskryf in **[artikel 1 van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975)]** die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet No. 55 van 1975), te bowe gaan nie.".

**Wysiging van artikel 87 van Wet 130 van 1993**

**54.** Artikel 87 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1), (2), (3) en (4) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Indien 'n werkgewer versuim om 'n aanslag ooreenkomstig artikel 86 te betaal, kan die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris hom 'n **[boete teen die voorgeskrewe persentasie]** straf van 10 persent van werklike of geraamde verdienste van daardie jaar of op die uitstaande bedrag oplê.

(2) *(a)* Indien 'n werkgewer versuim om aan die bepalings van artikel 80 (1) te voldoen en 'n werknemer in sy of haar diens 'n ongeval oorkom, kan die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris, benewens enige ander straf waaraan so 'n werkgewer onderhewig mag wees, **[hom]** daardie werkgewer 'n boete oplê van **[hoogstens]** die volle bedrag van die vergoeding wat ten opsigte van daardie ongeval betaalbaar is.

*(b)* Indien die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris van oordeel is dat die versuim onopsetlik was of te wyte was aan 'n oorsaak waaroor die werkgewer geen beheer gehad het nie, of dat betaling van die volle bedrag van die gekapitaliseerde waarde van 'n pensioen wat as vergoeding aan die werknemer betaalbaar is, waarskynlik die insolvensie van daardie werkgewer of, in die geval waar die werkgewer 'n maatskappy is, likwidasie tot gevolg sal hê, kan die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris—

(i) 'n **[boete]** straf deur hom of haar opgelê geheel of gedeeltelik kwytskeld;

(ii) die werkgewer toelaat om die **[boete]** straf te betaal in die paaiemente wat hy of sy bepaal.

(3) 'n Werkgewer wat weier of versuim om 'n aanslag, 'n paaiement of 'n [**boete]** straf bedoel in hierdie artikel of enige ander gelde wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, te betaal, is **[aan 'n misdryf skuldig]** strafbaar met 'n straf van 10 persent van werklike of geraamde verdienste van daardie jaar.

(4) *(a)* Indien 'n werkgewer versuim om 'n bedrag verskuldig aan die **[kommissaris]** Kommissaris te betaal, kan die **[kommissaris in die voorgeskrewe vorm 'n bevel uitreik vir die betaling daarvan]** Kommissaris sodanige werkgewer se versuim ingevolge artikels 93F en 93G hanteer.

**[*(b)* Die kommissaris moet 'n gewaarmerkte afskrif van die bevel bedoel in paragraaf *(a)* stuur aan die klerk van die landdroshof van die distrik waarin die werkgewer woonagtig is of sy besigheidsplek het, en daarna het sodanige bevel die uitwerking van 'n siviele vonnis van daardie landdroshof en het die kommissaris al die bevoegdhede van 'n vonnisskuldeiser.]**''.

**Wysiging van artikel 88 van Wet 130 van 1993**

**55.** Artikel 88 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Bydraes deur werkgewers individueel aanspreeklik en [onderlinge verenigings] lisensiehouer**'';

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie Wet moet die werkgewers individueel aanspreeklik en die **[onderlinge verenigings]** lisensiehouer aan die **[Direkteur-generaal]** Vergoedingsfonds op die wyse en tye wat **[hy]** die Direkteur-generaal bepaal, jaarliks sodanige deel as wat **[hy]** die Vergoedingsfonds billik ag, betaal van die uitgawe wat hy of sy by die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet aangegaan het.''; en

*(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(d)* Die werkgewers individueel aanspreeklik en die **[onderlinge verenigings]** lisensiehouer moet aan die **[Direkteur-generaal]** Vergoedingsfonds op die wyse en tye wat hy of sy bepaal sodanige deel van bedoelde verlies as wat hy of sy billik ag, betaal.''.

**Vervanging van artikel 89 van Wet 130 van 1993**

**56.** Artikel 89 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**[Lasgewers] Aannemers en [aannemers] sub-aannemers**

**89.** (1) *(a)* Indien 'n **['n persoon (die lasgewer)]** aannemer in die loop of vir die doeleindes van sy of haar besigheid met 'n **[ander persoon (die aannemer)]** sub-aannemer 'n ooreenkoms aangaan vir die uitvoering deur **[of onder toesig van die aannemer]** die sub-aannemer van die geheel of 'n deel van werk wat deur die **[lasgewer]** aannemer onderneem is, moet die **[aannemer]** sub-aannemer, ten opsigte van sy of haar werknemers in diens by die uitvoering van die betrokke werk, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet as werkgewer registreer en die nodige aanslae betaal.

*(b)* Indien 'n **[aannemer]** sub-aannemer versuim om **[aldus]** te registreer of 'n aanslag te betaal, word bedoelde werknemers van die **[aannemer]** sub-aannemer geag die werknemers van die **[lasgewer]** aannemer te wees, en moet die **[lasgewer]** aannemer die aanslae ten opsigte van daardie werknemers betaal.

(2) Indien 'n **[lasgewer]** aannemer 'n aanslag of vergoeding betaal het waarvoor hy nie aanspreeklik sou gewees het as dit nie vir die bepalings van subartikel (1) was nie, kan die **[lasgewer]** aannemer daardie aanslag of vergoeding op die **[aannemer]** sub-aannemer verhaal.

(3) Indien 'n **[lasgewer]** aannemer ingevolge hierdie artikel 'n aanslag **[of vergoeding]** aan die **[kommissaris]** Vergoedingsfonds betaal het, kan **[hy]** die aannemer ten opsigte van die bedrag aldus **[deur hom]** betaal skuldvergelyking toepas teen **[sy]** die skuld aan die **[aannemer]** sub-aannemer.

(4) Ondanks die bepalings van hierdie artikel kan die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris vergoeding op die **[aannemer]** sub-aannemer in plaas van die **[lasgewer]** aannemer verhaal, en indien die volle bedrag nie op die een verhaal kan word nie, kan die tekort op die ander verhaal word.

(5) 'n **[Lasgewer]** Aannemer is nie ingevolge hierdie artikel aanspreeklik ten opsigte van 'n ongeval wat op 'n plek plaasgevind het wat nie op of in die nabyheid van die perseel waarop die **[lasgewer]** aannemer onderneem het om die werk te verrig, of wat nie andersins onder sy toesig of beheer is nie.''.

**Wysiging van artikel 90 van Wet 130 van 1993**

**57.** Artikel 90 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**[Hersiening] Verandering van beslissings deur [Direkteur-generaal] Kommissaris**''; en

*(b)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris kan**[, nadat hy aan die betrokke party kennis daarvan gegee het, indien dit moontlik is, en hom 'n geleentheid gegee het om vertoë te rig]** uit eie beweging en nadat kennis aan die geraakte party gegee is of by aansoek deur sodanige party, te eniger tyd enige beslissing in verband met 'n eis vir vergoeding of die toekenning van vergoeding **[hersien]** verander op grond daarvan—''.

**Wysiging van artikel 91 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 33 van Wet 61 van 1997**

**58.** Artikel 91 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Besware en appèl teen [Direkteur-generaal] Kommissaris se beslissings**'';

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Enige persoon wat deur 'n beslissing van die **[Direkteur-generaal]** Kommissaris geraak word **[of 'n vakvereniging of 'n werkgewersorganisasie waarvan daardie persoon op die betrokke tyd 'n lid was]**, kan binne **[180 dae]** 12 maande na so 'n beslissing op die voorgeskrewe wyse 'n beswaar teen daardie beslissing by die kommissaris indien.'';

*(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* 'n Beswaar ingevolge hierdie artikel ingedien, word **[oorweeg]** aangehoor en beslis deur die voorsittende beampte bygestaan deur **[twee]** drie assessore wat deur **[hom]** die Kommissaris aangewys word, van wie een 'n assessor moet wees wat werknemers verteenwoordig, **[en]** een 'n assessor wat werkgewers verteenwoordig en 'n mediese assessor.'';

*(d)* deur in subartikel (2) paragraaf *(b)* te skrap;

*(e)* deur in subartikel (3) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* Na oorweging van 'n beswaar moet die voorsittende beampte, mits minstens **[een]** twee van die assessore, **[met uitsluiting van enige geneeskundige assessor,]** met hom of haar saamstem, die beslissing ten opsigte waarvan die beswaar ingedien was, bekragtig of sodanige ander beslissing gee as wat hy of sy billik ag.'';

*(f)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die voorsittende beampte kan in verband met verrigtinge ingevolge hierdie artikel so 'n bevel gee aangaande koste **[en die betaling daarvan uitreik as wat hy billik ag]** soos beoog in artikel 46(7)."; en

*(g)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(8) Ongeag die bepalings van subartikel (1), kan die Kommissaris by die aanvoer van goeie gronde oor hoekom die beswaar nie binne die voorgeskrewe tydperk ingedien is nie, die tydperk met 'n verdere ses maande verleng.".

**Invoeging van hoofstuk XA in Wet 130 van 1993**

**59.** Die volgende hoofstuk word hierby na Hoofstuk X in die Hoofwet ingevoeg:

## "HOOFSTUK XA

## INSPEKSIE, VOLDOENING EN AFDWINGING

**Aanstelling van inspekteurs**

**93A.** (1) Die Kommissaris kan enige persoon as 'n inspekteur aanstel vir die doeleindes van hierdie Wet.

(2) Enige persoon wat kragtens subartikel (1) aangestel is, moet die werksaamhede ingevolge hierdie Wet verrig, onderhewig aan die opdragte en beheer van die Kommissaris.

(3) Die Kommissaris moet elke inspekteur voorsien van 'n ondertekende sertifikaat in die voorgeskrewe vorm wat stel—

*(a)* dat die persoon 'n inspekteur is;

*(b)* watter wetgewing 'n inspekteur mag monitor en afdwing; en

*(c)* watter van die werksaamhede die inspekteur mag verrig.

**Werksaamhede van inspekteurs**

**93B.** (1) 'n Inspekteur ingevolge hierdie Wet aangestel, mag voldoening aan hierdie Wet bevorder, monitor en afdwing deur—

*(a)* werknemers en werkgewers oor hulle regte en verpligtinge in te lig;

*(b)* inspeksies te doen om voldoening te verseker;

*(c)* klagtes wat by die Kommissaris gemaak is, te ondersoek;

*(d)* voldoeningsbevele uit te reik; en

*(e)* enige ander werksaamheid te verrig wat met hulle werksaamhede kragtens hierdie Wet verband hou.

**Betredingsbevoegdhede**

**93C.** (1) 'n Inspekteur kan 'n huis of enige ander plek slegs betree—

*(a)* met die toestemming van die eienaar of okkupeerder; of

*(b)* met skriftelike magtiging om dit te doen ingevolge subartikel (2).

(2) Die Arbeidshof kan 'n magtiging in subartikel (1)*(b)* beoog, slegs uitreik by skriftelike aansoek en op kennisgewing deur 'n inspekteur wat onder eed of plegtige bevestiging die redes stel waarom dit nodig is om 'n plek te betree ten einde voldoening aan hierdie Wet te monitor of af te dwing.

(3) As dit prakties is om dit te doen, moet die werkgewer en 'n vakvereniging se verteenwoordiger in kennis gestel word dat 'n inspekteur by 'n werksplek teenwoordig is en van die rede vir die inspeksie.

**Bevoegdhede om te ondervra en te inspekteur**

**93D.** (1) Ten einde voldoening aan hierdie Wet te monitor en af te dwing, kan 'n inspekteur—

*(a)* vereis dat 'n persoon enige inligting, hetsy mondeling of skriftelik, en alleen of in die teenwoordigheid van getuies, openbaar maak, en vereis dat die openbaarmaking onder eed of plegtige bevestiging gedoen word;
*(b)* enige persoon inspekteer of ondervra oor enige rekord of dokument;
*(c)* 'n afskrif maak van enige rekord of dokument in paragraaf *(b)* bedoel, of dit verwyder om afskrifte of uittreksels te maak;
*(d)* vereis dat 'n persoon enige rekord of dokument in paragraaf *(b)* bedoel vir inspeksie verstrek of by 'n plek deur 'n inspekteur gespesifiseer, aflewer;
*(e)* enige artikel, stof of masjinerie by 'n werksplek inspekteer, 'n persoon daaroor ondervra en dit verwyder indien nodig;
*(f)* enige werk wat verrig is inspekteer of enige persoon daaroor ondervra; en
*(g)* enige ander werksaamheid verrig wat nodig is om voldoening te monitor of af te dwing.

(2) 'n Inspekteur kan deur 'n tolk, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en enige ander persoon wat redelik nodig is om die inspeksie uit te voer, vergesel word.

(3) 'n Inspekteur moet—

*(a)* op versoek 'n sertifikaat in artikel 93A(3) bedoel, verstrek;
*(b)* 'n kwitansie voorsien vir enige rekord, dokument, artikel, item, stof of masjinerie wat ingevolge subartikel (1)*(c)* of *(e)* verwyder word; en
*(c)* enigiets wat verwyder is binne 'n maand terugbesorg.

**Samewerking met inspekteurs**

**93E.** (1) Enige persoon wat deur 'n inspekteur wat ingevolge hierdie Wet aangestel is, ondervra word, moet alle vrae getrou en eerlik beantwoord.

(2) Elke werkgewer en werknemer moet met die inspekteurs saamwerk om werksaamhede doeltreffend te verrig.

(3) Geen antwoord deur enige persoon op 'n vraag deur 'n gemagtigde persoon of 'n inspekteur wat 'n ondersoek of inspeksie ingevolge hierdie Wet verrig, gestel is, mag in strafverrigtinge teen daardie persoon gebruik word nie, behalwe betreffende 'n aanklag van meineed of die aflê van 'n vals verklaring.

**Voldoeningsbevele**

**93F.** (1) 'n Inspekteur wat redelike gronde het om te glo dat 'n werknemer nie aan 'n bepaling van hierdie Wet voldoen het nie, kan 'n voldoeningsbevel uitreik.

(2) 'n Voldoeningsbevel moet die volgende vermeld—

*(a)* Die naam van die werkgewer en die ligging van elke werksplek waarop dit van toepassing is;
*(b)* enige bepaling van hierdie Wet waaraan die werkgewer nie voldoen het nie, en besonderhede van die gedrag wat nie-voldoening daarstel;
*(c)* enige stappe wat die werkgewer moet doen, met inbegrip van, indien nodig, die tydperk waarbinne daardie stappe gedoen moet word; en
*(d)* die maksimum boete wat aan die werkgewer opgelê kan word vir versuim om 'n bepaling van hierdie Wet te voldoen.

(3) 'n Inspekteur moet 'n afskrif van die voldoeningsbevel aflewer aan die werkgewer wat daarin genoem word en aan elke werknemer wat daardeur geraak word of, as dit onprakties is, 'n verteenwoordiger van die werknemers.

(4) 'n Werkgewer moet aan die voldoeningsbevel voldoen binne die tydperk in die bevel gestel.

**Omskakeling van voldoeningsbevel na hofbevel**

**93G.** Die Kommissaris kan by die Arbeidshof aansoek doen om die omskakeling van 'n voldoeningsbevel na 'n hofbevel indien die werkgewer nie voldoen het nie.''.

**Wysiging van artikel 97 van Wet 130 van 1993, soos gewysig deur artikel 35 van Wet 61 van 1997**

**60.** Artikel 97 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragrawe by subartikel (1) te voeg:

''*(i)* die rehabilitasie, herintegrasie en terugkeer na werk;
*(j)* die inspeksie, voldoening en afdwinging van hierdie Wet;
*(k)* die vasstelling en berekening van permanente ongeskiktheid; en
*(l)* die aanstelling van assessore, voorsittende beamptes en tolke.''.

**Vervanging van artikel 99 van Wet 130 van 1993**

**61.** Artikel 99 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Strawwe**

**99.** Enige persoon wat **[aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind word]** nie aan die bepalings van artikels 39, 40, 47, 64, 68, 81, 82 en 83 van hierdie Wet voldoen nie, is strafbaar met 'n **[boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar]** straf of strawwe soos in die vermelde artikels gespesifiseer.''.

**Vervanging van sekere uitdrukkings in Wet 130 van 1993**

**62.** Die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woord ''vlieënier'', waar dit ook al in die Wet voorkom, deur die woord ''lugpersoneel'' te vervang;
*(b)* deur die woord ''kommissaris'', waar dit ook al in die Wet voorkom, deur die woord ''Kommissaris'' te vervang;
*(c)* deur die woord ''vergoedingsfonds'', waar dit ook al in die Wet voorkom, deur die woord ''Vergoedingsfonds'' te vervang;
*(d)* deur die woord ''Direkteur-generaal'', waar dit ook al voorkom, deur die woord ''Kommissaris'' te vervang, behalwe waar dit voorkom in die omskrywing van ''Direkteur-generaal'' in artikel 1 en artikel 18, artikel 30, artikel 50, artikel 55 en artikel 69;
*(e)* deur die uitdrukking ''provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof'', waar dit ook al in die Wet voorkom, deur die woord ''Arbeidshof'' te vervang; en
*(f)* deur die uitdrukking ''Appèlafdeling van die Hooggeregshof'', waar dit ook al in die Wet voorkom, deur die woord ''Arbeidsappèlhof'' te vervang.

**Oorgangsmaatreëls**

**63.** (1) Huiswerknemers en -werkgewers moet aanmeld of 'n eis indien op die voorgeskrewe wyse binne drie jaar vanaf die datum van die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 2022, vir enige ongeluk wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gebeur het.

(2) Die geldigheid van die bestaande lisensies wat ingevolge die Wet aan die Onderlinge Verenigings uitgereik is, sal van krag bly totdat nuwe ooreenkomste aangegaan word.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**64.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 2022, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) vasgestel word vir verskillende bepalings van hierdie Wet.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za